**ADVERTENSIE-ARTIKEL || MIDCITY**

# Nuwe hoofkantoor vir eiendomsgroep


MidCity is trots daarop dat die bou van sy nuwe hoofkantoor, MidCity Corner, saamval met die maatskappy se 30ste bestaansjaar.

Konstruksie het in September verlede jaar begin aan dié kantoorgebou van 1 600 m² en 'n behuisingskema met 201 beddens vir studente.

Die nuwe gebou staan oorkant MidCity Square in Jorissenstraat, Sunnyside. Die konstruksiespan het die gebou betyds en op 'n hoë standaard voltooi. Die nuwe gebou, wat deur Boogertman en Vennote ontwerp is, se Kaapse argitektuur komplementeer die ander geboue in die gebied. Hoewel dit 'n klassieke ontwerp is, is dit modern binne.

Die kantooruitleg is oopplan en die spasie word optimaal gebruik. Dit maak ook voorsiening vir verdere uitbreidings en groei.

Die maatskappy se wortels is in Pretoria en hy wil in die hoofstad se visie vir 2055 belê.



MidCity se imposante nuwe hoofkantoor.

Ses van die bestes.
Elke week.
kry Beeld



MidCity se direksie

Foto: MIDCITY

# MidCity nou 30 jaar oud

Die MidCity-eiendomsgroep vier vandeesmaand sy 30ste bestaansjaar. MidCity is in 1983 gestig deur die huidige uitvoerende voorsitter, Dawie de Villiers. Die maatskappy het in 'n kantoortjie van 55 m² in Pretoriusstraat, Pretoria, begin. Vandag is die maatskappy 'n belangrike rolspeler in Pretoria se eiendomsektor.

In 1984, 'n jaar ná die stigting, het twee direkteure, Des Reed en Marlene van Vuuren, hulle by De Villiers aangesluit en in die dekade van 1990 tot 2000 het MidCity van krag tot krag gegroei. In dié tydperk is bekende eiendomsmaatskappye, naamlik Premier Investments, J. de Moore Properties en Urban Properties, oorgeneem.

Die groep het die afgelope 13 jaar groot groei beleef ná die sluit van 'n bemagtigingstransaksie met Khwela Investments wat tans 25% aandeelhouding in MidCity het.

Verskeie ander eiendomsmaatskappye is in dié tydperk oorgeneem, onder meer Yellow Button (voorheen bekend as EG Chapman-eiendomsbestuur). Dit het 'n groot rol in die groei van die maatskappy gespeel.

Die direksie bestaan nou uit nege lede onder voorsitterskap van De Villiers en die besturende direkteur, David Hewer.

MidCity se embleem beeld die vier waardebeginsels en hoekstene van die maatskappy uit: dienslewering, integriteit, volhoubaarheid en innovering.

Tesame met dié vier hoekstene, volg MidCity 'n holistiese benadering ten opsigte van dienslewering in die eiendomsektor – dié van 'n eenstop-diens-maatskappy.

MidCity lewer 'n oorkoepelende diens aan sy kliënte. Dit sluit die volgende dienste in: eiendomsbestuur, deel- en voltiteladministrasie, eiendomsontwikkeling, die herverkoop van elektrisiteit asook meterlesing deur sy filiaal, Khwela Power, geboueversekering deur sy filiaal Insure City, asook eiendomswaardasie.

Die maatskappy het die afgelope 30 jaar verskeie belangrike ontwikkelings gedoen. Dit sluit in meer as 50 geboue waaronder die bekendste die Alexander Forbes-gebou in Brooklyn is, asook die Absa Homeloans-gebou in Arcadia, die Maupa Naga-gebou in Arcadia en MidCity se huidige hoofkantoor, MidCity Square in Sunnyside-Oos. MidCity se nuwe hoofkantoor, is tans onder konstruksie, asook 'n studentebehuisingskompleks, genaamd EduCourt, wat 200 studente sal kan huisves. Nog ontwikkelings ter waarde van sowat R350 miljoen wat nou beplan word, is Medi House, Nebohof, Fleurenville en Festival Edge.

Die maatskappygroep beset kantoorspasie van altesame 2 005 m², het 142 administratiewe personeellede in diens en bestuur meer as 340 werkers by verskeie geboue.

Die maatskappy administreer meer as 20 000 aktiewe kliënterekeninge.

Oor die afgelope 30 jaar het MidCity meer as R3 miljard se eiendomsontwikkeling gedoen.